# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (32/18)

(Volg my op Twitter justchad_cga)

Justin Chadwick 10 Augustus 2018

CGA CITRUS SUMMIT
12 - 14 March 2019
Grow the Future, Together
Balancing growth and inclusivity

***"The essence of strategy is choosing what not to do."*** **—Michael Porter**

## STRATEGIESE DENKE - SITRUSUITVOERE VANUIT DURBAN HAWE

Uitvoere van sitrus vanuit die Durban hawe blyk nog 'n uitdagende jaar te wees, maar hierdie jaar is die uitdagings van 'n ander aard as die uitdagings van die vorige seisoene. Die Pomelo-seisoen in die noorde het drie weke later met produksie begin wat toe met die Navel-seisoen oorvleuel het. Produksie van beide kommoditeite was hoër in die noorde tesame met hoër produksie van Suurlemoene en Sagte Sitrus. Dit het 'n massiewe invloei van besendings na Durban tussen weke 21-25 veroorsaak, wat 'n tekort aan koelstoor kapasiteit in die hawe veroorsaak het. 'n Toename in die verskeping van houers het gevolg, wat tot 'n tekort in die houerterminale van inprop-punte gelei het wat die verpakking van houers vir 3 dae gestop het. Net so het die produksie van Valencias ook later hierdie seisoen begin, wat 'n piek op die einde van die hoër eindproduksie van Pomelo's, Nawels, Suurlemoene en Sagte Sitrus bereik het. 'n Groot piek in die produksie van die noorde het tussen weke 28-32 'n verdere toevoer van besendings na Durban veroorsaak, wat 'n verdere tekort aan koelstoor kapasiteit in die hawe veroorsaak het. Die terminale het weer 'n tekort aan inprop-punte ervaar met die toename van houerverskeping wat gevolg het. Die noordelike streke het 77.5 miljoen kartonne vir 2018 beraam, wat 5 miljoen kartonne meer is as die finale produksie in 2017. Die voorspellings dui dat 'n waarskynlike 90 miljoen kartonne van produksie vanuit die noorde teen die 2022-seisoen moontlik is. Gegewe die uitdagings van hierdie seisoen weens 'n gebrek aan koelstoor kapasiteit, houertoerusting, vragmotors, houer terminale ontwrigtings en so aan, lyk dit noodsaaklik dat produsente en uitvoerders vorentoe strategies gebaseerde besluite oor logistiek sal moet neem. Mitchell Brooke sal volgende week 'n paar idees oor strategiese denke by die CRI Simposium aanbied.

Houer-uitvoere na China het hierdie seisoen verdubbel en dit het baie operasionele uitdagings in Durban veroorsaak. Uitvoere na China benodig koue-behandeling wat die vereiste vir geforseerde lug voor-verkoelingspasie verdubbel het, asook spesifieke soorte houers en vragmotors wat Genset-eenhede benodig (om krag aan die houers tydens vervoer te verskaf). Die bykomende vraag na koue-behandeling verskeping het 'n agterstand in uitvoere veroorsaak, aangesien die verskaffing van houertoerusting en vragmotors nie met die vraag kon tred hou nie. Om voort te gaan het DAFF voorgestel dat 'n vorm van operasionele ingryping nodig is om die uitdagings rondom die toenemende "preclearansie" inspeksies en koue-behandeling verskepings aan te spreek. Tesame met die toename in uitvoere na China kan 'n beter vooruitsig wees om sitrus in "break bulk" na China te stuur. Dit kan moontlik baie probleme in Durban vorentoe oplos. Meer oor hierdie voorstelle sal in Oktober by die jaarlikse sitruskoördineringsvergadering aangebied en bespreek word.

Vervoer-kontrakteurs het aangedui dat vertragings veel minder is as wat voorheen ervaar is, alhoewel vragmotor opeenhoping by die terminale steeds by tye 'n probleem is. Transnet Port Terminals (TPT) het erken dat daar vir 'n paar weke aan die begin van die seisoen arbeidsprobleme was. Dit het tot stakings op 11 Julie gelei wat deur RETUSA geïmplementeer is, wat oor twee dae opgelos is. Vasmering van skepe was vanjaar baie akkuraat, met baie min skepe wat by anker vertraag is en daar was geen groot ontwrigting van skedules van skepe nie. Op hierdie stadium funksioneer DCT beter en meer produktief as in die verlede, met 'n paar goeie produksievlakke wat aangeteken is. DCT was baie bereid om te help met die wysiging van uitvoer "stack" datums en die vroeë toelating van skepe. Dit het baie gehelp. Die verlenging van die noordelike kaai se vasmeergedeelte en verdiepingsprojek het begin en dit sal vir die volgende paar jare voortduur. Die volle impak van hierdie projek kan nie vasgestel word totdat die vasmeerplekke vir konstruksie afgebreek gaan word nie. Een plek sal op 'n slag afgebreek word en dit sal lei tot die verplasing van een van die groter skepe wat gewoonlik by noordkaai vasmeer. Op 'n positiewe noot, daar is planne wat moet toesien dat daar ten minste kapasiteit vir 12 000 paletruimtes in Durban is voor die 2019 seisoen. Hiervan sal kapsiteit vir omtrent 4000 palette vir koue-behandeling verskepings wees. Die uitdagings rondom vragmotors (vragmotors om besendings van die plase te vervoer en vragmotors om houers te vervoer) en die lewering van vraghouertoerusting is egter een wat nie maklik opgelos kan word nie. Mitchell Brooke sirkuleer elke Vrydag 'n verslag waarin die heersende logistieke toestande in die Durban hawe uiteengesit word. Om 'n afskrif van hierdie verslag per e-pos te ontvang: mitchell@cga.co.za

## GEPAK EN VERSKEEP

| Tot Week 29 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2016 | 2017 | 2018 | 2017 | 2018 | 2018 | 2018 | 2017 |
| Pomelo's | 13.1 m | 15.0 m | 17.5 m | 13.3 m | 14.9 m | 16.8 m | 17.9 m | 15.7 m |
| Sagte Sitrus | 10.1 m | 10.8 m | 12.7 m | 9.6 m | 11.3 m | 14.7 m | 16.6 m | 13.4 m |
| Suurlemoene | 13.4 m | 17.4 m | 16.8 m | 16.2 m | 15.7 m | 20.6 m | 19.9 m | 19 m |
| Nawels | 23.9 m | 19.5 m | 23.7 m | 18.1 m | 20.9 m | 25.7 m | 25.3 m | 21.1 m |
| Valencias | 18.3 m | 23.6 m | 17.8 m | 14.9 m | 11.2 m | 53.9 m | 51.7 m | 53.8 m |
| **Totaal** | **78.8 m** | **86.3 m** | **88.5 m** | **72.1 m** | **74 m** | **131.7 m** | **131.4 m** | **123 m** |